PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

KONSEPWETSONTWERP OP SKALE EN MONETÊRE BEDRAE EN WYSIGING VAN INKOMSTEWETTE.

(By die Konsepwetsontwerp is die Gesondheidsbevorderingsheffing op suikerdrankies ingesluit)

Voorleggings en Verhore

Die Staande Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye om skriftelike voorleggings oor die Konsepwetsontwerp op Skale en Monetêre Bedrae en Wysiging van Inkomstewette in te dien.

Die Konsepwetsontwerp op Skale en Monetêre Bedrae en Wysiging van Inkomstewette beoog om:

- die skale van normale inkomstebelasting vas te stel;
- die Wet op Hereregte, 1949; te wysig ten einde die monetêre drempel betreffende hereregte te wysig;
- die Wet op Inkomstebelasting, 1962, te wysig ten einde die belastingskale en monetêre bedrae te wysig;
- die Doeane- en Aksynswet, 1964, te wysig ten einde die belastingskale in Bylae 1 tot die wet te wysig; om
    - 'n nuwe deel in te voeg;
    - 'n nuwe artikel in te voeg;
    - nuwe tariefitems in te voeg;
- die Taxation Laws Amendment Act, 2016, te wysig ten einde die datum van inwerkingtreding te verander;
- die Wet op Skale en Monetêre Bedrae en Wysiging van Inkomstewette, 2016, te wysig ten einde regstellings te doen; en
- voorsiening te maak vir sake wat hiermee verband hou.

Openbare verhore sal by die Parlement op Woensdag, 31 Mei 2017 gehou word.

Voorleggings en versoeke om mondelinge voorleggings te doen moet nie later nie as 12:00 op Vrydag, 26 Mei 2017 ingedien word.

Voorleggings moet aan die komiteesekretaris, **Mnr Allen Wicomb**, 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of **awicomb@parliament.gov.za** gerig word, tel. **(021) 403-3759** of faks: **(021) 403-3942.**

Uitgereik deur agb. YI Carrim, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering).